

Graslander

Graslandse

Herdenkingsbylaag

UITGawe 4: LENTe

Ondergrondversuring
in die praktyk

WORTELVERSPREIDING

*Latest lime
recommendation
research*

RiverNorth

CARRIERS

INNOVATION | PRECISION | RELIABILITY



**Presisie Kalkstrooi
Vervoer van Losmaat Landbou Produkte**



Arthur 081 274 5779 (Vervoer en Kalkstrooi)
info@rivernorthcarriers.co.za - www.rivernorthcarriers.co.za

Inhoud CONTENTS

Welkom	p.1
Grasland Vier 50 Glorieryke Jare	p.2
Grondsuurheid Op Verskillende Gronddieptes : Resultate en Oplossings in Vrystaat En Noordwes	p.4
An Evaluation Of Lime Requirement Methods Used For South African Soils	p.5
Sit Jou 3D-Bril Op - En Grawe 'n Gat	p.6
Ontmoet Ben Krog – Die nuwe Groep Bemarkingsbestuurder van Grasland	p.7
Jeanine nou logistieke koördineerder by Grasland	p.7
Bekalking Suig Die Agterste Speen	p.8

GRASLAND

50 EN NIE UIT NIE...



Dit is weereens vir Grasland 'n voorreg om 'n publikasie van die Graslander bekend te stel. En dié keer is dit nie sommer enige uitgawe nie – ons gaan kyk bietjie wat het die afgelope 50 jaar gebeur, want soos meeste rolspelers weet, is dit Grasland se vyftigste verjaarsdag in November 2017. Gaan kyk gerus op bladsy 2-3 na die hooftrekke van die afgelope 50 jaar.

Die tempo waarteen ondergrondsuurheid vererger in Suid-Afrika is kommerswakkend en die Graslander het gaan ondersoek instel. Sien wat dr Jan Strydom te sê het op bladsy 4 oor die beperkende faktore van wortelgroei en ontwikkeling in Vrystaat en Noordwes se landbougronde en wat 'n moontlike oplossing hiervoor is.

Verder het Grasland ook gaan kyk na wat die optimale kalk aanbevelingsmodel vir Suid-Afrikaanse landbougronde is. Gaan lees meer oor dié interessante MSc Agric navorsing op bladsy 5. Verder stel ons ook twee nuwe personeellede bekend – Ben Krog Grasland se nuwe Groep Bemarkingsbestuurder en hy bring ons weer terug na die "basics" in sy artikel op bladsy 6; asook Jeanine Saunders wat vanaf Augustus aangestel is in die rol as Logistieke Koördineerder, waar sy onder meer verantwoordelik is vir logistieke vir ons talle klante wat ook tenders insluit. Sien bladsy 7 vir meer inligting hieroor.

Martiens du Plessis vertel op bladsy 8 dat baie boere kalk uitstel en dat dit 'n wydverspreide probleem is. Hy verduidelik wat die implikasie hiervan is en onder watter omstandighede dit wel gedoen kan word, maar wys ook uit waar produsente die streep moet trek.

Sterkte aan almal en hoop dat die seisoen weer vir ons goeie reëns sal bring

Etienne Schoeman

BD Grasland

ADVERTISE WITH US!

CONTACT ME FOR ALL YOUR ADVERTISING NEEDS:

Mariette Hugo: Advertising Marketer

 Tel: 018 464 7505

 Cell: 076 412 9756

 Fax: 086 407 7100



GRASLAND VIER 50 GLORIERYKE JARE

Grasland vier vanjaar hulle 50ste bestaansjaar en daar is so bietjie in die geskiedenisboeke gaan loer na van die belangrikste mylpale in hierdie suksesvolle halfeeu.


Die begin (1967-1977)

- Grasland Saad en Kunsmis word gekoop van LM Nywerhede in Bothaville.
- Grasland Ondernemings (Edms) Bpk is gestig op 23 November 1967, met 'n uitgereikte aandelekapitaal van R102-00.
- Die eerste aandeelhouers van Grasland Saad Verspreiders was CJ Labuschagne en LG Labuschagne, boere wat onderskeidelik 34 aandele in die maatskappy besit het.
- JS Marais tree op as maatskappyesekretaris.
- 13 September 1971 word 'n spesiale besluit geneem dat Grasland Saad en Kunsmis Verspreiders se naam verander na Grasland Ondernemings.
- Die eerste bestuurder was Thys Basson. Basson is in 1972 deur Lappies Labuschagne, stigter van LM Nywerhede en Grasland Saad en Kunsmis, as bestuurder van Grasland Ondernemings op Bothaville aangestel.
- Met Basson wat sy dienste aan die einde van April 1974 beëindig het, word Piet Prinsloo as hoofbestuurder van Grasland Ondernemings aangestel. Faantjie Labuschagne is as die eerste voorsitter van Grasland aangestel.
- In hierdie tydperk is Buhrmannsdrif myn vanaf Mafikeng Marble gekoop en Immerpan, wat naby Potgietersrus geleë is, is deur 'n mynhuurkontrak bekom.

Nuwe kalkbronne en grootskaalse geologiese opnames (1978 tot 1985)

- In hierdie tydperk is daar grootskaalse geologiese opnames gedoen in 'n soek na nuwe kalkbronne.

- 1967 TOT 2017



Direksie van Grasland - 1992



Die kalsitiese kalkgroewe by Wagendrift

1986 tot 1997

- 'n Afnemerooreenkoms met Lyttelton Dolomiet word in 1987 beding.
- Grasland vier hulle 25 jarige bestaan in 1992.
- Piet Prinsloo tree in April 1995, na 21 diensjare af.
- Dr Pieter Haumann begin sy termyn as hoofbestuurder in 1995.

2001 tot 2017


- Die Lovedale depot, 5 km wes van Lichtenburg word in 2002/03 geopen nadat dit van Lafarge Sement gekoop is.
- Die opradering van Britten vind in 2008/09 plaas en addisionele produksiekapasiteit word geskep.
- Die Marico myn, waar Grasland 'n afnemerooreenkoms vir 'n aantal jare gehad het,

word in 2011/12 van Witkop Fluorsparmyne gekoop.

- Dr Pieter Haumann tree in 2015, na 20 jaar diens, af.
- Die nuwe Grasland handelsmerk word in Augustus 2015 bekendgestel.
- Etienne Schoeman begin sy termyn as besturende direkteur van Grasland in 2015. Grasland verskuif op 1 Septemer 2015 na hul nuwe kantore binne die Senwes gebou in Klerksdorp.
- Grootsaalse opraderings van aanlegte en myntoerusting vind plaas, koste word verlaag en



Jacob Steyn voorsitter - 1992



Driepoot wat gebruik is vir die neerdaal en profilering van gate met herwonne kalkryke materiaal langsaaan. Die tipe plantegroei wat verwyder moet word is duidelik sigbaar. - 1978



kapasiteit word uitgebred.

- As deel van die 50-jaar vieringe in 2017 word die halfeeu bestaan by die 2017 Nampo Oesdag gevier tydens 'n spesiale geslote sessie van Nasie in Gesprek. Aanbieder Theo Vorster was die gasheer van 'n paneel wat Etienne Schoeman (Besturende Direkteur Grasland), Hoof Uitvoerende Beampte van Fertasa (Fertiliser Association of Southern Africa), Dr Pieter Haumann en Martiens du Plessis Bestuurder, Presisie Boerdery, NWK ingesluit het.

Uitkyk vir die toekoms

- Geografiese uitbreiding van die besigheid sodat Grasland aktiewe bedryfspunte besit oor 'n breë landbou gebied,
- Effektiwiteit van die bedryfspunte om sodoende 'n goeie kwaliteit produk teen 'n billike prys aan te bied,
- Besigheidsdiversifikasie om 'n groter deel van ons klant basis in die industriële sektor te vestig,
- Grasland fokus ook op produkkwaliteit en produkontwikkeling met die doel om kwaliteit akkreditasies te verwerf en die beste kwaliteit produsent te wees,
- Verdere fokus op interne effektiwiteit om dienslewering te verbeter ☺

Werker besig met die ophys van die driepootstoel na voltooiing van profilering en monsterneming. - 1978



Naby-aansig van storting van kalkryke materiaal uit aewgaaremmers. - 1978



**Kwaliteit
op sy beste**

ONS SPESIALISEER IN

1. KUNSMIS EN KALK
2. SAAD – MIELIES EN SOYA
3. FYNSAAD EN SONNEBLOM
4. LANDBOU CHEMIKALIEË
5. LANDBOUKUNDIGE ADVIES
6. GROND KARTERING
7. KWALITEIT ENTSTOWWE
8. KALKSTROOIDIENSTE



GRONDSUURHEID OP VERSKILLENDIE GRONDDIEPTE

RESULTATE EN OPLOSSINGS IN VRYSTAAT EN NOORDWES

Dr J.H.Strydom

Suid-Afrika het in 2016 een van die droogste seisoene in sy geskiedenis beleef.

In die lig van bogenoemde het die feit dat ons boere onder uiters moeilike en soms onmoontlike droë toestande graan produseer, weer opnuut in die kollig gekom.

Elke druppel reën tel dus en baie aandag moet gegee word aan die infiltrasietempo van water en maksimale wortelontwikkeling om grondvog so diep as moontlik te benut.

Gedurende 2015 en 2016 is 'n omvattende studie deur die Vrystaat en Noordwes gedoen om bogenoemde te ondersoek. Na vele profielgate in meeste grondsoorte en tipe bewerkingsmetodes ondersoek is, het dit geblyk dat daar wel probleme is met beperkte wortelontwikkeling en bewerkingsmetodes. In meeste gevalle het wortels slegs ± 30 cm bereik, terwyl gronde se effektiewe worteldiepte veel meer as dit was, in sommige gevalle tot 1.5 meter diep. In 86% van gevalle is 'n suurheidslaag gevind rondom 30cm. Dit lyk asof somergraangewasse se wortels oor die algemeen nie diep genoeg indring om die dieper grondvog ten volle te benut nie, (Vrystaat en Wes-Transvaal). In menige gevalle draai wortels om of staak groei by 'n diepte van 30-35 cm. Daar is selfs gevind dat in sommige gevalle dit so vlak as 24 cm voorkom. Dramatiese verskille is ook gevind in die hoeveelheid/massa van wortels, asook die gebrekkige voorkoms van haarwortels.




Nagenoeg 300 profielgate en 700 grondmonsters is op strategiese plekke met die hulp van boere op hul beter gronde en plase gemaak. Daar is deeglik ondersoek ingestel na wortelontwikkelling en bepaling van fisiese verdigtingslæ. Verder is gebruik gemaak van 'n apparaat wat vier of agt gate ondermekaar op verskillende dieptes aan die kant van die profielgat maak om chemiese monsters te neem. Die apparaat is 'n eenheid wat alle monsters presies op dieselfde diepte kan neem. Elke monster is dan apart ontleed met GPS punte by elke punt.

Die dieptes wat geneem is, was as volg: 12 cm, 18 cm, 24 cm en 30 cm. In sommige gevalle is daar 'n ekstra vier monsters geneem nl: 36 cm, 42 cm, 48 cm en 54 cm.

Na vele toetsings is daar nou gevind dat die nuwe ripper wel kalk op die oppervlakte bymekaar kan maak en van bo tot 35 cm plaas. Hierdie diepteplasing is egter verstelbaar na gelang van die diepte van die suurheidslaag.

Tekens van beperkte wortelontwikkeling wat die navorser waargeneem het tydens die fisiese besoek van menige profielgate:

Dr Jan Strydom, 0837078170



LATEST RESEARCH IN LIME RECOMMENDATIONS AN EVALUATION OF LIME REQUIREMENT METHODS USED FOR SOUTH AFRICAN SOILS

Vincent van der Berg, Dr Aisla Hardy &
Dr Pieter Raath

In collaboration with Stellenbosch University, Bemlab recently conducted a M.Sc Agric study (Vincent van den Berg) to evaluate several widely used methods to predict soil lime requirements, using 20 acidic South African top and sub-soils (Western Cape, Eastern Free State, Northwest, KwaZulu Natal) with a wide range of properties. Seven soil lime requirement methods that are currently used in South Africa were evaluated against a standard CaCO_3 incubation soil lime requirement procedure.

1. the original Eksteen method with organic matter correction factor (OMCF), commonly used in the Western Cape;
2. two modifications of the Eksteen method, namely:
 - a. Eksteen-KCl method, where the use of 1M KCl exchangeable acidity instead of titratable acidity at pH 7, and
 - b. Modified-Eksteen method, where a correction factor was applied to titratable acidity that was derived from soil data obtained in this study;
3. the Cedara method, most commonly used in KwaZulu-Natal;
4. the ARC-SGI method, developed primarily for Free State soils by the ARC- Small Grain Institute in Bethlehem;
5. the Shoemaker-McLean-Pratt single buffer (SMP-SB) method most commonly used in the North East and North Central regions of the USA;

6. the Adams and Evans single buffer (AE-SB) method most commonly used in the South East and Mid-Atlantic regions of USA.

The original Eksteen and Cedara methods were found to be highly correlated with incubation soil lime requirement, yet consistently underestimated soil lime requirement. The modified-Eksteen method, however, was found to be highly correlated with incubation soil lime requirement, and was a good predictor of soil lime requirement. In fact, titratable acidity was found to be the soil property that most strongly related to soil lime requirement. The ARC-SGI method was a considerably poor predictor of soil lime requirement, and tended to grossly overestimate soil lime requirement. The two buffer methods were also highly correlated with incubation soil lime requirement, and with some recalibration resulted in having a high accuracy of predicting soil lime requirement. Since the buffer methods are difficult to implement commercially, the most accurate method at our disposal for determination of soil lime requirement on a wide range of soils from this study was the modified Eksteen method.

The combination of soil properties (Table 5-4) that most strongly influenced the SOIL LIME

REQUIREMENT of each method were evaluated in the study.

The results from this study indicate that the most vital soil properties that need to be determined in order to sufficiently estimate the SOIL LIME REQUIREMENT of a soil are, in no particular order: Walkley-Black C, titratable acidity at pH 7.0, exchangeable cations, buffered CEC at pH 7.0 and texture. Considering these findings, however, it is crucial that more research be carried out in order to evaluate the economic implications of basing SOIL LIME REQUIREMENT on the above-mentioned soil properties, in relation to crop performance and long-term soil management method. ☺

Table 5 - 4. Simple correlation coefficients for lime requirement methods and soil properties

Property	Eksteen	Eksteen-KCl	Mod. Eksteen	Cedara	ARC-SGI	SMP-SB	AE-SB
pH (H_2O)	-0.68	-0.55	-0.57	-0.54	-0.92	-0.40	-0.50
pH (KCl)	-0.62	-0.49	-0.53	-0.48	-0.99	-0.37	-0.44
Exchangeable Acidity	0.96	0.99	0.99	0.99	0.50	0.93	0.92
Titratable Acidity	0.91	0.94	0.98	0.94	0.47	0.98	0.97
Total Acidity	0.77	0.83	0.86	0.83	0.22	0.94	0.93
Exchangeable Al	0.95	0.99	0.99	0.99	0.47	0.95	0.93
CBD-extractable Al	0.73	0.77	0.80	0.78	0.13	0.90	0.86
Buffered CEC _{pH7}	0.51	0.61	0.65	0.61	0.09	0.80	0.77
Variable Charge	0.73	0.79	0.83	0.80	0.25	0.91	0.88
Acid Saturation	0.80	0.78	0.77	0.78	0.59	0.63	0.64
WB-C (%)	0.76	0.84	0.89	0.85	0.26	0.96	0.95
Total C (%)	0.78	0.85	0.89	0.86	0.21	0.95	0.93
Clay (%)	0.20	0.25	0.25	0.24	-0.01	0.34	0.45
Silt (%)	0.24	0.22	0.26	0.23	0.10	0.42	0.33
Clay + Silt (%)	0.21	0.26	0.26	0.26	-0.00	0.37	0.47
($\Delta\text{pH}_{\text{KCl}}$) x (WB-C %)	0.86	0.90	0.95	0.90	0.48	0.95	0.96
($\Delta\text{pH}_{\text{KCl}}$) x (Clay %)	0.61	0.56	0.60	0.55	0.63	0.56	0.71

t values in bold are significant at $p < 0.01$



WE DO THE GROUNDWORK SO THAT YOU CAN BEAR THE FRUIT

Soil Analysis • Fertilizer, Lime & Compost • Analysis • Leaf Analysis • Fruit Analysis
Wine Analysis (Metals) • Water Analysis (Microbiology and Chemical)



Contact us: Bemlab (Pty) Ltd • 021 853 1490 • www.bemlab.co.za • www.bemlab.mobi



SIT JOU 3D BRIL OP

– EN GRAWE ‘N GAT!

Ben Krog



Grond kan net volledig beskryf word wanneer daar driedimensioneel daarna gekyk word. Presisieboerdery is hier om te bly en wonderlike tegnologie word gebruik om bestuursones op kleurvolle kaarte te identifiseer.

Grondmonsters word deesdae al meer geneem deur verskillende groottes ruitmonsters (“GRID sampling”) of presisiemonsters (“smart sampling” - stroperdata of NDVI beelde) te gebruik. Daar word deesdae baie goed van bo gekyk na die grond.

Meeste bogrondmonsters word tussen 0-20 cm diep, soms vlakker geneem. In sekere gevalle word ondergrondmonsters geneem slegs op sekere punte om ondergrondse suurheid te monitor.

Produsente spandeer baie geld aan toerusting om die toediening van ameriolante verder te verfyn tot variërende toedienings op grond van elektroniese aanbevelings, gekoppel aan GPS punte.

Hierdie is ‘n goeie “tweedimensionele waarde” wat ontsluit word. Die vraag word gevra : verskaf die interpretasie van sulke data op hierdievlak vir ons regtig ‘n volledige prentjie?

Ondanks die feit dat ons die tegnologie suksevol gebruik, neem ondergrondse suurheid, as voorbeeld, kommerwiekend toe. Die werklike omvang van ondergrond suurheid in die somersaaigebiede wek kommer. Te min navorsing en tyd word spandeer om die probleem aan te spreuk. Verskeie artikels is wel in die onlangse verlede geskryf om produsente, kunsmisagentes en landboukundiges bewus te maak van hierdie groot sluimerende gevare.

Grondbewerkingspraktyke het verander, meer produsente implementeer bewaringsboerderybeginsels. Minder bewerking vind plaas vir baie goeie redes. Selfs kunsmis plasing (tyd en diepte van toediening) het begin verander. In sekere dele van die mieliedriehoek is dit standaard praktyk om groot hoeveelhede ammoniumbevattende kunsmis (tot soveel as 70 kg N) selfs op dieptes van tot 30 cm voor plant (“pre-plant”) toe te dien. Meeste van die praktyke het veroorsaak dat kalk as voorbeeld nie meer deeglik met die grond gemeng word nie. Ons moet nooit vergeet dat kalk baie swak in grond beweeg en dat die reaksie van kalk slegs plaasvind in direkte kontak met die grond partikels.

Die ou gesedje lui dat die beste kunsmis die voetspore in die land is. Dit geld vandag nog! Vir my die tweede belangrikste - ‘n graaf in die hand! Tegnologie is wonderlik, maar ons moet nooit vergeet van die basiese waarde van ‘n gewone profielgat op strategiese punte in ‘n land.

Hoeveel profielgate het jy al gegrawe op jou plaas hierdie jaar? Alle profielgate vertel ‘n storie. Dit is nie ‘n moeilike storie om te lees nie! Die grootste waarde van ‘n profielgat is om vir ons te wys WAT die WORTELS tydens die afgelope seisoen gemaak het? Gewasreaksie is die beste indikator of die landbouer op die regte pad is met sy verbouingspraktyke.

Daar word ook aanbeveel dat in spesifieke profielgate, grondmonsters op verskillende dieptes van ongeveer 10 cm inkremente geneem word. Hierdeur kan die grondsuurheid (pH en % suurversadiging) asook verandering in katioonkonsentrasiestasies gemonitor word.

Alle gewasse wat geproduseer word – of dit appel, koring, tafeldruwe, mielies, mango’s of soja’s is, het een ding in gemeen - en dit is WORTELS.

Die belangrikste vraag wat die produsent homself moet vra is : Is dit wat ek aan die grond kan doen in die beste belang van optimale WORTELONTWIKKELING? Indien die WORTELS die volle grondprofiel kan benut deur verbouingspraktyke en oordeelkundige toediening van plantvoeding en kalk, sal u verseker die risiko’s verlaag en binne ‘n gegeue reënval jaar, ‘n goeie oes lewer.

Gaan sit gerus die 3D-bril op en lees die wonderlike storie van “die PROFIELGAT”, geskryf deur self.





ONTMOET BEN KROG

– DIE NUWE GROEP BEMARKINGSBESTUURDER VAN GRASLAND

In Julie 2017 het die Besturende direkteur van Grasland, Etienne Schoeman amptelik vir Ben Krog as groep bemarkingsbestuurder van Grasland/OTKV verwelkom. Ons het hom van nader leer ken.

Ben, 'n gebore Johannesburger, het sy skoolloopbaan in 1991 voltooi in Benoni. Na skool verwerf hy ook sy BSc Agric graad in 1996 aan die Universiteit van Pretoria met grondkunde, plantproduksie, plantvoeding, vekkunde en veevoeding as hoofvakke.

Ben bring jare se ondervinding saam met hom, waar hy vir 11 jaar in die landboukunsmisbedryf was, vier jaar in die landbouchemiese bedryf, asook drie jaar elk in die boerdery- en kalkbedryf.

Hy het as landboukundige verteenwoordiger by Kynoch Kunsmis in 1997 begin en het waardevolle landboukennis en bestuurservaring by maatskappye soos Karsten Boerderye, Norsk Hydro – Kynoch, Agrizone, Profert Kunsmis, asook SA Kalk en Gips opgedoen. Hy het verskeie posisies beklee wat hom perfek voorberei het vir sy rol as groep bemarkingsbestuurder.

Sy plig hier is om eerstens die bemarking van al Grasland se produkte asook die produkreeks binne die

maatskappy te hanteer, asook die beeld van Grasland na die landbousektor te bestuur. Hy sal hom goed van sy taak kwyt en beskryf homself as volg: "Ek is 'n landbouwetenskaplike wat leef om rentmeesters in landbou se potensiaal in geleenthede te ontsluit en te ontwikkel. Ek help om potensiaal te ontdek, en om visie, presisie en prestasie te verhoog. Dit is wie ek is." ☺



JEANINE NOU LOGISTIEKE KOÖRDINEERDER

BY GRASLAND



Sedert einde Julie 2017 is Jeanine Saunderon die logistieke koördineerder van Grasland.

Jeanine is glad nie onbekend by personeel en klante nie en is vanaf Mei 2016 as GIS-teknikus by Grasland werkzaam. As logistieke koördineerder hanteer sy die skakeling met vervoerkontrakteurs en myne en probeer om die beste prys vir produsente te beding. Sy is reg vir hierdie uitdaging en dit pas haar eintlik soos 'n handskoen omdat sy baie maklik met mense kommunikeer, asook 'n baie sterk oorredingsvermoë het wat bloot eenvoudig dinge kan maak werk.

Voor Grasland was Jeanine 'n GIS-teknikus by Terratek in Leeudoringstad vir ses jaar, asook 'n GIS-teknikus by Senwes Landboudienste vir nege jaar. ☺



FERTASA
Fertilizer Association of Southern Africa

Fertasa stempel van goedkeuring – gesertifiseerde geloofwaardigheid

Fertasa – beskerm die volhoubare gebruik van kunsmis.

Fertasa en sy lede is verbind tot die bevordering van volhoubare grondvrugbaarheid en verbeterde plantvoeding.

Fertasa-lede is verbind tot:

- 'n Gedragskode.
- Standaarde deur 'n onafhanklike nakomingsbestuursliggaam geouditeer.
- Gehalte produkte.
- Toepaslike wetenskaplikgebaseerde aanbevelings.
- Voortgesette onderrig en verbetering.
- Die nakoming van wetlike vereistes.



The Fertilizer Association of Southern Africa NPC
Reg. Nr. 1971/000012/08 • VAT Reg. Nr. 4830104164
Tel: +27 (0)12 349 1450, Faks: +27 (0)12 349 1463
E-pos: general@fertasa.co.za, Webtuiste: www.fertasa.co.za





ARTIKEL

BEKALKING SUIG DIE AGTERSTE SPEEN

Martiens du Plessis, Grondkundige, NWK Landboubestuursdienste

Tydens Grasland se "Nasie in Gesprek"-opname gedurende Nampo 2017, het dit geblyk dat bekalking in Suid-Afrika die tweede viool speel. Is dit nie dalk bankrot spaar nie? Tot waar kan bekalking uitgestel word?

Hoe lyk die prentjie in Suid-Afrika?

Grondsuurheid in Suid-Afrika skets geen rooskleurige prentjie nie. In 'n studie wat deur prof Martin Fey (Universiteit Stellenbosch) in 2001 gedoen is, is gevind dat 5 miljoen ha grond in Suid-Afrika erg versuur is en in verdere 11 miljoen ha matig versuur is. Van die gronde wes van die Drakensberge was 40% versuur en in die Wes- en Suid-Kaap was 60% versuur. In KZN was sowat 85% van die gronde versuur. In Onlangse studie wat deur dr Koos Bornman van Omnia gedoen is, is gevind dat die situasie sedert 2000 tot 2015 verder met gemiddeld 0.17 pH-eenheid vanaf 'n lae basis van pH 4.4 in bogronde en 0.1 pH-eenheid vir ondergronde versleg het. Die ekstraheerbare suurheidswaarde (uitruilbare suurheid) het in die bogrond feitlik verdubbel en met 92% toegeneem. Nasional het die ekstraheerbare suurheid in die ondergrond met 37% toegeneem. Hierdie bevindings dui daarop dat bekalking aan die agterste speen suig!

Waarom bly bekalking agterweë?

Tydens die Nasie in Gesprek-opname is gespekuur oor moontlike redes vir die toename in grondsuurheid, naamlik:

- Onvoldoende hoeveelhede kalk wat toegedien word en wat dan tot ondoeltreffende neutralisasie lei;
- Hoër vlakke van stikstofbemesting wat deur hoër opbrengste gedryf word, verhoog die potensiële versuring;
- Die finansiële implikasie van bekalking; en
- Sommige produsente glo bloot nie in bekalking nie.

Vir elke pH-eenheid wat grondsuurheid afneem, is daar tien keer meer waterstof in die grondoplossing as met die vorige pH-skuif. Dit beteken dat daar al meer kalk benodig word om grondsuurheid te neutraliseer as die grond eers erg versuur is. Met die gelewerde prys van kalk, kan voldoende bekalking later in plaas se geld kos. Gegewe die koste-implikasie van bekalking, word bekalking dikwels eerste uitgestel wanneer die finansies begin knyp. Dit lei tot verlaagde opbrengste, wat weer minder geld beskikbaar stel vir bekalking in die volgende jaar. So is dit in bose kringloop.

Tot waar kan bekalking uitgestel word?

As grond slegs effens suur is ($\text{pH}(\text{KCL}) > 5.0$), kan bekalking dalk nog vir 'n jaar uitgestel word, alhoewel dit reeds negatief op die opbrengs impakteer. Soos wat die $\text{pH}(\text{KCL})$ onder 5.0 daal, raak die koste van besparing vinnig meer as die koste van bekalking en raak die noodsaklikheid om te bekalk, vinnig groter. As die $\text{pH}(\text{KCL})$ onder 4.5 daal, is die nadeel daarvan al baie groot en dan begin die koste van doeltreffende bekalking al meer aan die beursie (en die bankbestuurder se senuwees) knaa. Eintlik moet grondsuurheid nie toegelaat word om laer as $\text{pH}(\text{KCL}) 5.0$ te daal nie.

Hoe behoort grondsuurheid bestuur te word?

In praktyk werk dit goed dat die lande in drie of vier gedeel word en dat daar elke jaar in derde of 'n kwart bekalk word. Dit versprei bekalkingskoste oor produksieseisoene, wat beter in die boerdery se kontantvloei pas. Dit het ook

tot gevolg dat bekalkingskoste nie ophoop en dan in een jaar op die boerdery val nie. Dit hou grondsuurheid goed in bedwang.

As in gedagte gehou word dat grond van bo af versuur, sal dit dus strategies goed wees om grondsuurheid gereeld in die bogrond te neutraliseer, voordat die grond dieper af versuur.

Gegewe die gelewerde prys van kalk, is dit gewoonlik die moeite werd om die kalk volgens presiese kaarte te strooi. Dit bring mee dat gedeeltes wat minder kalk benodig, dan ook minder kalk kry en daar waar daar meer kalk nodig is, daar meer kalk toegedien word. Presisietegnieke poog om die pH oor die hele landery tot op die gewenstevlak reg te stel.

Waar kom kalkkwaliteit in die prentjie?

Wet 36 van 1947 bepaal dat landbouchemikaliele, wat ook landboukalk insluit, by die Registrateur geregistreer moet word. Die Registrateur skryf die minimum vereistes vir landboukalk voor, waaronder die fynheid en die reaktiwiteit. Hiervolgens lever Grasland kalk van uitstaande kwaliteit en oortref dit die Registrateur se minimum standaarde.

SAMEVATTING

Bekalking moet liefs nie te lank uitgestel word nie. Namate die grond versuur, daal graanopbrengste en kan bekalking al minder bekostig word. Maak bekalkingskoste deel van die jaarlike begroting en koop dit jaarliks (dalk voor kunsmis) en bekalk die lande. Bekalking verdien eintlik een van die voorste spene. ☺

**SÁAM BOER
ONS MEER PRESIES.**

Jóú greep op die mark

Klop aan by die presisiespesialiste

NWK Landboubestuursdienste se span spesialis lewer 'n volledige spektrum van presisieboerderydienste. Dit sluit grondnames met gedifferencierde potensiale, chemiese presisieboerdery met differensiale regstellings, meganiese presisie op trekkers en ander landbouwerkute en GPS-plaaskarte in. Landboubestuursdienste is ook kalkagentie vir Grasland.

Kontak ons gerus vir al u presisiebenoeftes op die plaas. Sáam plaas ons u boerdery op die wenpad.

TEL: +27 (0)18 633 1143 FAKS: +27 (0)86699 0486 www.nwk.co.za
SCHOLTZSTRATAAT 81 POSBUS 107 LICHTENBURG 2740 SUID-AFRIKA
E-POS lbd@nwk.co.za GPS: S 26 09' 05.9 E 26 09' 30.4

NWK bespreek in 'n gemagtefinansiediensteverbaster (licensie: 44956) en 'n geregistreerde kredietverkaffer (registrasie: 2789)

Telkom 1000





JOU VISIE, ons passie.

Presisieboerdery is 'n bestuurshulpmiddel wat die produsent in staat stel om die optimum finansiële opbrengs op beleggings te realiseer vir elke area of sone binne 'n boerdery-eenheid. Skakel ons inbelsentrum by 018 464 7550/3.



www.senwes.co.za | www.senwes.mobi





Ons wêreldklas kalk, wat die stregste kwaliteitsbeheerproses ondergaan, is daar om te verseker jou beskikbare landbougrond word ten volle benut.

Ons het die afgelope twee jaar groot beleggings in ons aanlegte gemaak om dit op wêreldklasstandaard te kry.

Pluk die vrugte (of graan) van ons intensiewe navorsing wat daarop gemik is om topgehalte kalk beskikbaar te stel wat jou opbrengste verbeter en jou winsgrense verhoog.



Koop kwaliteit, koop **Grasland Kalk**

Grasland se fyngemaalde kalk is uiters reaktief, wat beteken jou grond én jou beursie vind baat by ons produkte wat vinnig resultate lewer.

Kry resultate, koop Grasland kalk.



www.grasland.co.za



018 464 7822



sales@grasland.co.za